**Woordelys**

**afkoelperiode**: die hoeveelheid tyd wat 'n verbruiker volgens wet het om die implikasies van 'n kontrak te oorweeg en te kanselleer sonder opgaaf van redes of finansiële boetes

**afname**: daling in die getal mense wat dit gebruik

**aktekantoor**: die staatsdepartement wat verantwoordelik is vir die registrasie of oordrag van huise en ander vaste eiendom

**anafilaktiese skok:** 'n ernstige toestand waartydens bloeddruk vinnig val; die persoon kan aan 'n hartaanval sterf tensy adrenalien dringend toegedien word om die lugweë oop te maak

**arbitrasie**: 'n manier om konflik op te los

**besoedeling**: die teenwoordigheid in die lug, grond of water van 'n stof met onaangename of skadelike uitwerking.

**binneaars:** die toediening van 'n stof direk in 'n aar

**eiendomsbelasting**: 'n belasting op grond en geboue wat deur die eienaar aan die plaaslike owerheid betaal word

**eiendomsregte**: die reg om te besit

**energie-doeltreffende toestel:** 'n toestel wat die minste moontlike energie verbruik om te funksioneer

**enkelvoudige rente**: rente wat slegs op die hoofleningsbedrag bereken word

**fossielbrandstof**: energie van die son wat in ou plantmateriaal geberg is en in rotse in die aarde se oppervlakte gevind word

**gearresteer**: in hegtenis geneem vir 'n misdaad

**gedienste erf**: stuk grond wat net water-, riool- en elektrisiteitsvoorsiening het (geen geboue nie)

**geelsug**: geelwording van die vel en die wit van die oë

**geld-terug waarborg**: 'n versekering van die vervaardiger dat die produk vir 'n gespesifiseerde tydperk in werkende toestand sal wees.

**geldwassery**: die misbruik van finansiële stelsels waar mense die opbrengste van misdaad wil wegsteek

**grysgoedere/parallelle invoere**: goedere wat via nie-amptelike kanale verkoop word in lande waar die vervaardiger nie wil verkoop nie

**hipoallergene**: produkte waarop 'n allergiese reaksie onwaarskynlik is

**huurooreenkoms**: die kontrak of ooreenkoms tussen die eienaar van 'n eiendom en 'n huurder

**implikasie**: 'n waarskynlike gevolg of resultaat uit iets alhoewel dit nie openlik gestel word nie

**inflasie**: die persentasie waarteen die prys van goedere en dienste styg

**inhibeer**: om te verhinder dat iets ontwikkel of voortgaan

**inkomstebelasting:** 'n bedrag geld wat aan die Ontvanger van Inkomste betaal word volgens die bedrag wat in 'n jaar verdien word.

**innoverend**: kreatief en oorspronklik

**insolvent**: om nie genoeg geld te hê om jou skuld te betaal nie

**kapitaal**: die hoeveelheid geld wat die eienaar moet bydra om die besigheid te begin

**karsinogenies**: kankerwekkend

**klousule**: 'n afsonderlike deel (sinsnede, paragraaf) van 'n wet of ooreenkoms

**kontrak**: 'n wettige ooreenkoms tussen twee of meer mense wat stilswyend, mondeling of geskrewe kan wees

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

**koolstofvoetspoor**: die totaal van kweekhuisgasse veroorsaak deur ŉ organisasie, geleentheid, produk of persoon
**korporatief**: ontwerp vir, geskik vir of vereenselwig met personeel van groot firmas
LBS: lopende betaalstelsel is ŉ metode om inkomstebelasting in te vorder waar die werkgewer ŉ twaalfde van die berekende jaarlikse belasting van die werknemer se salaris of loon aftrek voordat dit aan die werknemer betaal word
**lediging**: metodes wat beoog om die uitwerking van eetvergrype teen te werk
**lekemedia**: onopgeleide of ongekwalifiseerde verslaggewers of joernaliste
**loopplank**: platform by ŉ modeskou waarop modelle loop en klere vertoon
**medebesmet**: gelyktydige besmetting deur twee verskillende patogene/virusse
**ontoepaslik**: nie geskik vir die geleentheid of omstandighede nie
**ontsouting**: ŉ proses om die sout uit seewater te verwyder om vars water te maak.
**ontwikkelaar**: individue of maatskappye wat ’n stuk grond koop en dit in ŉ behuisingskompleks ontwikkel
**onuitwisbaar**: permanent, onmoontlik om te verwyder of af te was
**oortree**: optrede wat met ’n wet of reël bots; verbreking van die huurooreenkoms, wat ŉ wettige dokument is
**piramide-skema**: ŉ nie-volhoubare sakemodel wat die betaling behels van mense wat nuwe deelnemers aanmoedig om by die skema aan te sluit.
**produkspesifikasie:** ŉ gedetailleerde beskrywing van die produk
**registrasie**: die proses waardeur eienaarskap van die huis van die verkoper aan die koper oorgedra word
**regspersoon**: ŉ persoon of onderneming wat aan die wet onderhewig is
**retrospektief**: terugwerkend; teruggaan na die verlede
**roerende goed**: eiendom wat verskuif kan word, byvoorbeeld voertuie en meubels
**saamgestelde rente:** rente wat bereken word op die hoofleningsbedrag plus die verskuldigde rente
**sittende leefstyl**: ’n leefstyl wat minimale fisiese aktiwiteit behels
**skeef**: ongelyk of verwronge
**skuldige**: iemand wat verantwoordelik is vir of skuldig is aan ŉ misdaad
**sonenergie**: energie wat van die son se hitte verkry word, byvoorbeeld sonwaterverwarming
**stilswyend**: begryp of bedoel sonder om gesê te word
**stokvel**: ŉ gemeenskapsgebaseerde spaarklub
**swendelskema**: ŉ bedrieglike skema
**SWOT-ontleding**: ontleding van die sterk punte, swakhede, geleenthede en bedreigings waarby ŉ potensiële besigheid moet aanpas of moet gebruik
**taan**: wat stadig afneem, verminder
**teikenmark:** die spesifieke groep mense wat bereid sal wees om die produk of diens te koop
**terugvoerelektrisiteit**: die bron van hierdie elektrisiteit hernu dit self gou. byvoorbeeld wind, water en son
**toepaslik**: geskik vir die geleentheid of omstandighede
**trigliseried**: ’n tipe vet in die bloed; hoë vlakke verhoog die risiko vir diabetes
**uitsluitingsklousule**: ŉ deel van ŉ kontrak wat die verskaffer vrystel van blaam of verantwoordelikheid
**uraan**: ŉ mineraal wat gebruik word om kernkrag op te wek

© Oxford University Press, Southern Africa 2013

**vaste eiendom**: eiendom wat nie verskuif kan word nie, byvoorbeeld grond of geboue
**verband**: kontrak waarin ŉ bank of finansiële instelling geld verskaf vir die aankoop van ŉ huis of grond en die verbruiker ŉ spesifieke maandelikse bedrag oor ŉ tydperk betaal om die skuld af te betaal
**verbeur**: om eiendom of regte te verloor as straf vir ŉ fout
**vergoedingspakket**: die pakket waarop die toelae of vergoedingsbedrag aangedui word
**versekeraar**: die versekeringsmaatskappy
**versekerde**: ŉ persoon wat ŉ versekeringspolis uitneem
**vervals**: ŉ onwettige namaaksel van ŉ produk
**voorkoms**: die verhouding van ’n bevolking wat aan ’n toestand ly
**voorlopige belasting**: belasting wat twee keer per jaar betaal word op die beraamde jaarlikse inkomste
**VPG**: vloeibare petroleumgas, ŉ fossielbrandstof wat gemaak word van natuurlike gas wat diep in die aarde se rotsformasies gevind word
**VPI**: verbruikersprysindeks is die gemiddelde prys van ŉ spesifieke groep produkte
**waarborg**: geskrewe waarborg om ŉ artikel te herstel of te vervang indien dit breek of nie behoorlik werk nie
**wettige oorweging**: gewoonlik geld, maar dit kan enigiets wees wat vir die partye waardevol is, soos eiendom, lojaliteit, krediet, ruilhandel of ander goedere en dienste

© Oxford University Press, Southern Africa 2013